

Ontmoeting 5

Die storie van Paulus en sy reise: Deel 2

Kinders leer hoe Paulus God se Woord gedeel het

Teks: Handeling 16 – 28

Hulpmiddels:

- Afdrukke van die skulpie
- Afdrukke van die tronk-prentjies A5 grootte vir elke kind
- Sosatiestokkie vir elke kind
- Gom
- PowerPoint en video (Beskikbaar op ons webwerf)



Welkom

Speel: “Paulus, Silas en die soldate” (soos Kat en Muis):

Kies kinders om die volgende te wees: Paulus, Silas en 2 soldate. Die kinders wat oorbly, vat hande en maak 'n kring. Paulus en Silas moet nou probeer wegstap van die soldate af. As hulle by die kring kom, lig die kinders hulle hande op om hulle in die kring te laat inkom. As die soldate naby kom, hou hulle hul hande af om te keer dat die soldate Paulus en Silas vang. As Paulus of Silas gevang word, word daardie soldaat weer Paulus of Silas en een van die kinders in die kring word weer 'n soldaat. Hou 'n paar minute aan met die speletjie.



Wyding

Stilword-ritueel:

Gebed: Die leier bid elke keer 'n sinnetjie en die groep herhaal dit saam.

Dankie, Heer, vir hierdie dag

Dankie dat die Bybel vir my sê dat U my liefhet

Dankie dat U mens geword het en vir ons die pad kom loop het

Help ons om U ook te volg ...

... soos ons nou in die gebed ons leier gevolg het.

Amen



Woord

Paulus was vuur en vlam om vir almal die Goeie Nuus te vertel. Hy moes baie keer vlug en was nie orals welkom nie. Dit het hom nie gekeer om die boodskap te verkondig nie. Verlede keer het ons gehoor van sy bekering en die eerste reis wat hy onderneem het. Vandag gaan ons verder met sy storie.

Die storie van Paulus en sy reise (deel 2) – gebruik die PowerPoint

Silas het saam met Paulus op sy tweede reis vertrek. (Speel die video “Paulus se visioen en Lidia se bekering” of vertel die storie: Die Heilige Gees het vir Paulus en sy vriende gekeer sodat hulle nie die boodskap in die provinsie Asië kon bring nie. Daarom het hulle deur die lande Frigië en Galasië gegaan. En toe hulle oorkant die provinsie Misië

kom, het hulle probeer om na die provinsie Bitinië te gaan, maar die Gees van Jesus het hulle gekeer om dit te doen. Hulle het toe deur Misië gegaan en hulle het na die hawestad Troas gegaan. In die nag het die Here vir Paulus iets gewys, dit was soos in 'n droom. 'n Man van die provinsie Masedonië het daar gestaan en hy het vir Paulus mooi gevra: "Kom asseblief oor die see na ons toe en kom help ons."

Nadat die Here dit vir Paulus gewys het, het hulle dadelik probeer om met die skip na Masedonië te seil.

Hulle het met die skip weggeseil van die hawestad Troas, en toe reguit na die eiland Samotrake geseil. Die volgende dag het hulle na die hawestad Neapolis geseil. Hulle het van daardie stad na die stad Filippi geloop. Hulle het 'n paar dae in daardie stad gebly. Op die Sabbatdag het hulle uitgegaan by die stad se poort na 'n plek langs die rivier. Hulle het geweet dat die Jode altyd daar kom bid. Hulle het gaan sit en begin praat met die vroue wat daar saam was. Daar was 'n vrou, haar naam was Lidia. Sy het ook na hulle geluister. Sy het van die stad Tiatira gekom en sy was 'n handelaar in pers materiaal. 'n Mens het omtrent 4000 skulpe nodig om 'n klein bietjie materiaal pers te kleur. Die skulpe kom net in daardie stukkie van die see voor.

Lidia was nie 'n Jood nie, maar sy het vir God gedien. Die Here het haar hart oopgemaak om baie goed te luister na wat Paulus gesê het. Hulle het toe vir haar en die mense in haar huis gedoop. Toe het sy hulle genooi en gesê: "As julle dink dat ek regtig in die Here glo, dan moet julle na my huis kom en julle moet daar kom bly." – Handeling 16:6-15)

Paulus en Silas het aangehou om almal van Jesus te vertel. Jesus het hulle gehelp om 'n meisie van 'n bose gees te bevry. Haar eienaars was kwaad, want toe kon sy nie meer vir hulle geld verdien met haar waarsêery nie.

Hulle is geslaan en in die tronk gegooi. Daar het hulle mekaar aangemoedig om nie moedeloos te word nie. Hulle het deur die nag liedere bly sing om God te loof.

Die ander gevangenes kon nie verstaan hoe hulle kon aanhou om God te prys al is hulle in die tronk nie.

Hulle vriende het aangehou om te bid dat Paulus en Silas gered sal word. 'n Groot aardbewing het gemaak dat al die tronkdeure oopgegaan het! Die bewaarders was baie bang. As die gevangenes sou vlug, sou die bewaarders in groot moeilikheid wees. Maar Paulus en Silas het nie weggehardloop nie. Die bewaarder was baie verlig. "Ons het nie weggehardloop nie, want ons weet God is by ons en Jesus is God se Seun," het hulle vir die tronkbewaarder gesê.

Die bewaarder het toe gesê: "Vertel my van Jesus." Paulus en Silas het vir hom alles oor Jesus vertel. "As jy glo dat Jesus God se Seun is, kan jy ook sy kind word," het hulle vir hom gesê. "Ek glo," het die bewaarder gesê.

Hy het vir sy hele familie vertel wat gebeur het. Hulle het ook gaan luister na wat Paulus en Silas vertel het. Hulle het in Jesus geglo en hulle is gedoop.

Die volgende dag het die stad se leiers laat weet dat Paulus en Silas vrygelaat kon word. Hulle het al hul Christen-vriende by Lidia se huis gaan groet en uit die stad vertrek. Paulus het baie ondervindinge op sy reise beleef. In Korinte het hy Akwila en Priscilla ontmoet. Hulle was ook tentmakers soos hy. Paulus het h tyd lank by Akwila en Priscilla gebly. Hulle was getroue Christene in Korinte. Hy het saam met hulle tente gemaak en vir hulle geleer hoe om vir ander mense van God te vertel.

Silas en Timoteus het later ook by hom aangekom in Korinte. Hulle het saam verder gereis. Paulus het nog baie avonture beleef. Hy het op h derde reis vertrek waar hy weer die gemeentes besoek het. In Efese het die silwersmid, Demetrius, baie kwaad geword vir Paulus. Demetrius het beelde van die godin Diana gemaak, maar nou was daar mense wat in God glo en nie meer afgode wou koop en aanbid nie. Die hele stad was in oproer! Die gelowiges het Paulus aangeraai om nie met die mense wat in opstand was te praat nie, maar eerder by hulle te bly. Paulus het net h rukkie daar gebly en toe die reis terug aangepak.

Paulus en 'n paar van sy vriende het in die hawe van Troas aangekom. 'n Klomp Christene het bymekaargekom om te hoor wat Paulus vir hulle wou sê. Hulle het 'n kamer op die derde vloer van 'n huis volgepak. Eutigus was 'n jongman wat ook wou hoor wat Paulus alles vertel. Hy het sommer in die vensterbank gesit. Paulus het aanhou praat en praat en praat. Eutigus het baie vaak geword. En aan die slaap geraak! Hy het by die venster uitgeval tot op die grond. Hy was dood.

Almal het afgehardloop na waar Eutigus gelê het. Paulus het hom in sy arms geneem en gesê: "Hy is okay." En toe het Eutigus weer gelewe! Almal was baie bly dat Eutigus weer lewendig was. Paulus en sy vriende is weg uit Troas en het die ouderlinge van die gemeente in Efese gaan groet. Hulle het verder gevaar, by die eilande en uiteindelik by Sidon aan land gegaan. Die derde reis het in Jerusalem geëindig.

Die profeet Agabus het vir Paulus vertel dat hy gevang sal word as hy na Jerusalem toe gaan, maar Paulus het vir sy vriende gesê dat hy sal doen wat God van hom vra. In Jerusalem was daar baie moeilikheid en Paulus is vals aangekla en in die tronk gesit. Die volgende dag het omtrent 40 Jode bymekaargekom. Hulle maak toe 'n geheime plan oor hoe hulle vir Paulus kan doodmaak. Hulle het gedink dat God van hulle plan hou. Daarom besluit hulle om nie te eet of te drink totdat Paulus dood is nie. Hulle gaan toe na die Joodse leiers by die tempel en vertel vir die leiers van hulle plan. “Julle moet ons help met ons plan. Vra vir Generaal Claudius om weer vir Paulus na die Joodse hof toe te bring. Sê julle het nog vrae wat julle vir Paulus wil vra. Ons sal in die bosse langs die pad wegkruip. Nes hulle by ons kom, sal ons uit die bosse spring en Paulus doodmaak.”

Paulus se suster se seun het van die Jode se geheime plan gehoor. Die seun het vir Paulus daarvan gaan vertel. Die kaptein het die seun geglo en gereël dat Paulus in die nag van die een tronk na die ander een verskuif word. Die bevelvoerder het toe 200 soldate, 70 soldate met perde en 200 soldate wat goed was met swaarde en spiese, gestuur om Paulus in die nag na Sesarea toe te vat. Paulus moes aan die goewerneur Felix verduidelik waarom hy as gevangene na hom toe gebring is. Hy het hom vir 2 jaar in die tronk opgesluit.

'n Nuwe goewerneur, Festus, het aan bewind gekom. Paulus het vir hom gesê dat hy niks verkeerd gedoen het nie. Paulus het hom op die keiser beroep. Paulus is uiteindelik per skip na Rome gestuur. Tydens die reis het hulle 'n wonderlike ervaring gehad. Paulus moes saam met ander gevangenes en 'n klomp bewaarders op 'n skip klim na Rome toe. Op pad na Rome was daar 'n groot storm wat 14 dae lank gewoed het. Terwyl Paulus gebid het, het 'n engel vir hom gesê dat hulle gered sou word. Niemand wou eet terwyl hulle in die storm was nie. Paulus het vir almal gesê om te eet sodat hulle die volgende dag sterk kan wees as hulle gered word.

Hulle het alles wat onnodig was, van die skip afgegooi. Teen die oggend was hulle naby aan die strand. Op pad strand toe het die skip stukkend gebreek. Almal kon uitswem of op stukke dryfhout dryf tot op die strand. Almal is gered.

Hulle het veilig die land bereik. Hulle was nou op die eiland Malta. Dit was koud en hulle het stompe opgetel om 'n vuur te maak. 'n Giftige slang het vir Paulus gepik terwyl hy help om hout op te tel. Paulus het die slang in die vuur gegooi en gebid dat God hom moet bewaar teen die gif van die slang. Die mense kon nie glo dat Paulus nie doodgegaan het nie. Toe hy nie sterf nie, het almal gedink dat Paulus self 'n god is. Hy kon toe vir hulle vertel van die een, ware God. Paulus het ook die eilandhoof se pa gesond maak, asook ander mense wat siek was. Na 3 maande op die eiland, kon hulle weer verder vaar Rome toe.

Paulus was weer 2 jaar lank 'n gevangene in Rome. Hy kon wel in sy eie huis bly, maar Romeinse soldate het hom die heelyd opgepas. Al was Paulus 'n gevangene, het hy nog steeds baie mense bemoedig en gepreek deur die briewe wat hy vir gemeentes en individuele mense geskryf het. Paulus is uiteindelik in Rome oorlede. Dit was 'n baie hartseer gebeurtenis, want hulle het hom doodgemaak omdat hy in Jesus geglo het. Hy was vir ons 'n voorbeeld van 'n kind van die Here wat gehoorsaam was en tot aan die einde van sy lewe getrou was aan sy roeping.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter van Paulus se avonture was vir jou die beste om te hoor
2. Ek wonder hoe jy sou voel as jy saam met Paulus hierdie avonture beleef het
3. Ek wonder hoe God voel oor Paulus en wat hy alles gedoen het
4. Ek wonder op watter maniere jy ook soos Paulus kan leef




Werskaf

- **Gebruik die patroon van die skulpie.** Die kinders skryf Lidia se naam op die voorkant van die skulp. Binne-in is die teks: Hand 16:14 – 15a. ('n Sekere soort skulpie is gebruik om materiaal pers te kleur en dit was baie spesiaal en duur in Lidia se tyd.)
- **Maak “tronkprente”:** Elke kind kry 'n A5-grootte karton. Vou dit in die helfte. Teken 'n gesig op die een kant en regaf strepe op die ander kant. Plak nou 'n sosatiestokkie agterop die een helfte vas sodat die helfte van die

stokkie onder uitsteek. (Of gebruik die voorbeeld en vou die papier in die helfte. Plak die kante van die papier op mekaar vas sodra die stokkie binne is.) Wys vir die kinders hoe hulle die stokkie tussen hul hande kan vryf sodat die prentjies heen-en-weer beweeg. Dit behoort te lyk asof die gesig agter tralies is.

Sluit af met die seënbede

| | |
|---|--|
| <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> <hr/> |  |
|---|--|

Lidia het van
die stad Tiatira
gekom en sy was 'n
handelaar in pers
materiaal. Die Here
het haar hart

ooggemaak
om baie goed te luister
na wat Paulus gesê
het. Sy en haar
huisgesin is gedoop.
Hand 16:14-15a